

20 Januarie 2019

Hoërskool Kategese

1 Korintiërs 12:1-11



wat wil jy vandag bereik?

Hierdie week kry ons geleentheid om te gesels oor die gawes (geskenke) wat God vir ons gee. God gee gawes vir die kerk sodat dit tot voordeel van almal gebruik kan word.

Dit kan gebeur dat mense dink hulle is beter as ander omdat hulle sekere gawes het. Paulus herinner die gemeente in Korinte dat hierdie gawes van God kom en dat God aan elkeen gawes gee wat van mekaar verskil en daarom is nie een beter as 'n ander is nie.

Die Heilige Gees help ons om te glo. Help ons om te sê Jesus is die Here. So kan elke gelowige weet dat die Heilige Gees reeds in hom/haar aan die werk is.

ons storie: ysbreker (hier en nou)

Is daar iets wat jy baie goed kan doen, beter as enige een van die ander mense in julle huis?

Deel met die groep wat dit is.

(Soms vra jou ouers jou om dit te doen, want hulle weet jy is goed daarmee.)

**Ter wille van gemeentes
wat gewoon is aan die ritme
van Kontak-kategese,
plaas ons in hakies
hoe dit in daardie raamwerk inpas.**

Besef egter asb. dat NOUS weggestap het van Kontak-kategese. NOUS se kategese-model is steeds gebaseer op Groomse model, maar ons het dit verder ontwikkel sodat dit makliker in gemeentes toegepas kan word.

Gemeentes is welkom om lede van die NOUS span te nooi om opleiding rondom hierdie metodiek te kom aanbied.

word stil

Lees Psalm 36:6-11.

Hoe ervaar jy God se liefde?

GOD se storie wat sê die Bybel (daar en dan)

lees 1 Korintiërs 12:1-11

As daar tyd is, kan elkeen dit daarna weer op sy/haar eie tyd lees.



gesels dan oor die volgende saam

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het? Is daar enige vrae wat jy nou het?

Wat is geestelike gawes?
Sluit dit talente of vaardighede ook in?

Waar kom die gawes vandaan?
Hoekom is die oorsprong daarvan belangrik?

Watter mense kry hierdie gawes?

Wat is die doel van geestelike gawes?
Waarvoor behoort dit gebruik te word?

Maak 'n lysie van die verskillende gawes wat Paulus hier noem. (vergelyk dit ook met wat nog genoem word oor die gawes in 1 Kor 12:27-31)

Is daar seker gawes wat meer aandag sal trek as iemand dit het of dit gebruik?

Dit is juis nie die doel van geestelike gawes nie... maar sekere gawes is meer opvallend as ander.

Paulus vra daarom duidelik dat ons nie ons gawes sal meet as meer en minder belangrik nie - dat ons sal onthou dat die gawes van God kom en dat ons dit gebruik tot Sy eer.

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

God gee vir ons (Sy kinders) gawes. Ons het die verantwoordelikheid om ons gawes te gebruik.

Laat elkeen een gawe noem wat hy / sy het en hoe hulle dit in die kwartaal in die kleingroep, gemeente of selfs skool gebruik?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte?
Kan julle dit in een sin opsom?

Is daar enige iemand wat 'n saak het waarvoor hulle voel die groep kan bid?

Gee ook kans om te dink oor verskillende gawes en hoe ons mekaar en die gemeente kan opbou.

Julle kan bid dat elkeen sy / haar gawes sal ontdek en uitleef soos wat God bedoel het.



bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Onthou julle nog die ABC van gebed?

Aanbidding

"Here, ek aanbid U, want..."

Belydenis

"Here, vergewe my vir..."

Voorbedding

"Ek bid vandag vir..."

Danksegging

"Dankie, vir..."

Eie behoeftes en toewyding

"Here, help my om..."